

ALGEMENE REGULASIES EN REËLS TEN OPSIGTE VAN FPTG SKOUE

DOEL:

Om 'n sisteen daar te stel waardeur almal op hoogte gebring kan word oor wat die regulasies en reëls ten opsigte van skoue is.

1. PLEK VAN SKOU

Die volgende streekskoue is tans goedgekeur nl.

- Bloemfontein Nasionale Kampioenskappe
- Pretoria Streekskou
- Tulbagh Streekskou
- Ottosdal "Christmast Festival" Streekskou

2. SKOUKOMITEE

- Die skoukomitee moet uit twee(2) afsonderlike lede van die Friesperdtelersgenootskap bestaan.
- Die pligte, verantwoordelikhede en magte van die skoukomitee is as volg:
- Voorneme en datum van skou moet 'n minimum van 60 dae voor die skou, deur die kantoor, aan alle lede gestuur word.
- Sluitingsdatums vir inskrywings moet so gekies word dat lede 'n minimum van 30 dae het om in te skryf.
- Die aanstel van Beoordelaars, na goedkeuring deur die raad vir streeks en nasionale skoue.
- Die aanstel van Versamelringbeampte, Baanbeamptes asook die Aankondiger.
- Toesien dat bogenoemde beamptes binne die neergelegde reëls, tydens die skou, funksioneer.
- Die skrap en of samevoeging van skouklasse, nadat inskrywings ontvang is, in belang van die skou.
- Verantwoordelik vir die bestuur van die finansiële aspekte t.o.v. die skou nl:
- Bepaling van die inskrywingsgelde, stalgelde en enige ander gelde wat per inskrywing betaalbaar mag wees. Asook die vordering van bg. gelde
- Aanspreeklik vir die totale kostes, soos self onderhandel, met alle Beoordelaars.
- Versamelringbeampte, Baanbeampte en die Aankondiger.
- Verkryging van borge
- Die daarstel van rosette en of pryse
- Bemarking en advertensies.
- Betaling van alle aanspreeklike krediteure van die skou.

- Hantering van klagtes en griewe, gedurende die skou van, vertoners, beoordelaars en enige belanghebbende by die skou.
- Toesien dat die skou binne alle reëls en regulasies van die Genootskap plaasvind.

3. **Beoordelaars**

- Vir alle skoue wat onder beskerming van die Genootskap aangebied word moet die Beoordelaars goedgekeurde Friesperd beoordelaars wees wat deur die Genootskap amptelik goedgekeur is.
- Beoordelaars wat vir elke skou aangewys word moet eers deur die Raad goedgekeur word alvorens daar met die Beoordekaar in verbinding getreë mag word deur die betrokke skoukomitee.
- Vir alle streekskoue moet daar altyd 'n minimum van twee beoordelaars aangestel word, maar die ideaal is egter drie.
- Vir Nasionale skoue moet daar 'n minimum van drie beoordekaars aangestel word en moet daar op die “high low” sisteem gewerk word.
- Beoordelaars etiket moet altyd eerbiedig en nagestreef word.
- Beoordelaars moet ten alle tye netjies geklee wees (langbroek,baadjie en hemp met 'n das)
- Beoordelaars mag nie gedurende 'n klas met enige vertoner en of helper gesprek voer en of redeneer nie.
- Beoordelaars moet ten alle tye eerlik,regverdig, onpartydig en konsekwent wees.
- Beoordelaars mag slegs beoordeel wat hy of sy gedurende die klas sien. Geen vorige prestasies mag in ag geneem word nie.
- Beoordelaars moet ten alle tye met ander beoordelaars saamwerk maar moet nog steeds onafhanklik opereer.
- As daar op die “high /low” sisteem beoordeel word mag beoordelaars nie met mekaar beraadslaag of gesprek voer as hulle punte of platingskaarte nie almal ingehandig is nie.
- Beoordelaars moet ten alle tye op hoogte wees van alle skoureëls, rasstandaarde asook al die skouklas protokol.
- Die Beoordelaar se spreekbuis gedurende die klas is die Baanbeampte en direkte kontak met Vertoners is nie toegelaat nie.
- Beoordelaars mag nie perde beoordeel wat hy/sy persoonlik by betrokke is nie, hetsy eienaarskap, afrigting, stalering, ens. Indien so 'n situasie wel gedurende die skou sou ontstaan moet die betrokke beoordelaar onmiddelik die baanbeamptes inlig wat dit sal deurgee na die skoubestuurder vir aksie.
- Slegs een Internasionale Fries Beoordelaar word per skou toegelaat
- Daar word 'n maksimum van twee junior beoordelaars per skou toegelaat en wel onder die volgende reëls.
- Junior beoordelaars word alleenlik toegelaat indien hulle reeds die teoretiese beoordelaarseksamen ten opsigte van rasstandaarde, skoureëls en alle skouklas protokol geslaag het soos van tyd tot tyd

aangebied deur die Telersgenootskap en of die S A Beoordelaarsforum.

- Junior beoordelaars se platingskaarte resultate het geen invloed of bydrae tot die proses van beoordeling van enige klas nie.
- Junior beoordelaars se platingskaarte moet aan die einde van die skou vergelyk word met die van die amptelike beoordelaars en 'n volledige verslag moet aan die raad voorgelê word binne 30 dae na die skou deur die Senior Beoordelaar.
- Junior beoordelaars moet ten minste sewe skoue as junior beoordelaar beoordeel alvorens hy/sy in aanmerking kan kom om deur die Raad as amptelike beoordelaar aangestel te word met die uitreiking van 'n amptelike sertifikaat.

4. **Baanbeampes**

Vir alle skoue wat onder die beskerming van die Genootskap aangebied word moet daar 'n Baanbeampte deur die Skoukomitee aangestel word wat die volgende pligte en verantwoordelikhede het:

- Moet ten alle tye op hoogte wees van die skoureëls en skouklas protokol
- Optree as spreekbuis van die Beoordelaars na Vertoners en die Aankondiger.
- Optree teen Vertoners wat skoureël verbreek.
- Opdragte van die Beoordelaar uitvoer binne die skoureëls
- Toesien dat slegs die toegelate persone gedurende die skouklas in die skoubaan is nl:
 - Beoordelaars
 - Vertoners
 - Helpers (Slegs in klasse waar dit volgens die klas protokol toelaatbaar is.)
 - Fotograaf (Soos deur die skoukomitee aangestel)
- Mag nie beslissings en of besprekings van Beoordelaars oordra aan vertoners of die publiek nie
- Moet Beoordelaars se aandag vestig op enige ongeruimtheid.

5. **Versamelringbeampte**

Vir alle skoue wat onder die beskerming van die Genootskap aangebied word moet daar 'n Versamelringbeampte wees wat die volgende pligte en verantwoordelikhede het:

- Moet ten alle tye op hoogte wees van die skoureëls en skouklas protokol
- Alles in sy of haar vermoë doen om toe te sien dat Vertoners betyds in die versamelring is.
- Toesien dat alle reëls en skouklas protokol vereistes nagekom is alvorens Vertoners die skoubaan toegelaat word. Die Beoordelaars en Baanbeampes aanvaar derhalwe dat alle perde en vertones wat in die skoubaan is aan alle vereistes, soos neergelê voldoen.

- Toesien dat slegs die amptelike ingeskrewe perde en vertoners die baan betree.
- Die diplomatieuse bestuur van die skoubaan hek. As die hek eers toe is kan geen verdere perde daarna toegelaat word nie.
- Die Versamelringbeampte het die reg om perde en vetoners die skoubaan te belet indien alle vereistes en reëls nie nagekom is nie.

6 Aankondiger

Vir alle skoue wat onder die beskerming van die Genootskap aangebied word moet daar 'n Aankondiger wees wat die volgende pligte en verantwoordelikhede het:

- Aankondigings soos deur die Skoukomitee gevra, te maak
- Aankondigings soos deur die Baanbeampte gevra word gedurende sekere klasse te maak.
- Plasing aankondigings te maak.
- In die algemeen 'n bydrae te maak tot die gees en geordenheid van die skou.